

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Jesus as Geskenk en ons as gawes aan mekaar

Skriflesing: Johannes 6:25-34 (1953)

²⁵ En toe hulle Hom oorkant die see gevind het, sê hulle vir Hom: Rabbi, wanneer het U hier gekom?

²⁶ Jesus antwoord hulle en sê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het.

²⁷ Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee; want Hom het God, die Vader, verseël.

²⁸ Toe vra hulle Hom: Wat moet ons doen om die werke van God te volbring?

²⁹ Jesus antwoord en sê vir hulle: Dít is die werk van God, dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het.

³⁰ En hulle sê vir Hom: Watter teken doen U dan, sodat ons kan sien en U glo? Wat werk U?

³¹ Ons vaders het die manna in die woestyn geëet, soos geskrywe is: Hy het brood uit die hemel aan hulle gegee om te eet.

³² En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar my Vader gee julle die ware brood uit die hemel.

³³ Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee.

³⁴ Toe sê hulle vir Hom: Here, gee ons altyd hierdie brood.

Broodjies vir die pad

T.T. Cloete (31.05.1924 - 29.07.2015)

Dit is met absolute leedwese dat ons moet bekend maak dat T.T. Cloete, een van Afrikaanse se mees geliefde digters, vanoggend in die ouderdom van 91 oorlede is. Volgens Johan van Zyl, woordvoerder van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus, is die digter Sondag reeds in die Mooimed-hospitaal opgeneem en is hy vanoggend aan natuurlike oorsake oorlede.

Prof. Theunis Theodorus Cloete was nie net as bekroonde digter bekend nie, maar ook as Bybelvertaler, letterkundige en wetenskaplike navorser wat lank verbonde was aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus se skool vir tale en skryfkuns.

Tydens 'n onlangse onderhoud met Marlies Taljard, het die digter hom soos volg uitgelaat oor die digkuns: "Die probleem van gedigte skryf, is dat die gedig jou oorweldig. Soos Sheila Cussons en MER, Shakespeare en Schiller, en talle en talle digters vertel, jy kies nie die gedig nie, die gedig kies jou. Dieselfde gebeur ook maar met die leek: gedagtes, emosies, ens. kom hoofsaaklik onwillekeurig en onbeheers by elkeen van ons op, ook by die straatveër; net, by die digter kom dit in 'n bepaalde struktuur op. Ek haal Jan Swanepoel graag aan: 'n gedig word nie beplan nie maar as hy klaar is, het hy 'n plan. Gedigte daag soms teen jou sin op, as geskenk, en 'n mens gooi nie 'n geskenk weg nie, jy publiseer dit, want die gedig daag by jou op *ter wille van iemand anders*. Ek het dit probeer duidelik maak in *Die Ander Een is Ek*. 'n Mens skryf nie gedigte ter wille van jouself nie. Jy is dus 'n medium, 'n tussenganger, en jy moet die gedig gehoorsaam. Shakespeare is die sekretaris van Hamlet, sê Nijhoff. Vir die oningewyde mag dit gek klink, maar dit is eg so. Ek kry teen my sin 'n gedig in, wat dalk kan help om ander mense uit hulle voeë te ruk, soos dit jouself uit jou voeë ruk. Lewe liever riskant as om elke dag donker op te staan, badkamer toe te gaan, aan te trek, werk toe te gaan, donker tuis te kom, te eet, te gaan slaap, en soos Bolero van Ravel elke keer weer voor te begin en aan te gaan in 'n onstuitbare kringloop, dan af te tree, dood te gaan met 'n muf brein en verskrompelde hart. Gedigte dwing 'n mens tot stilstand."

As huldeblyk plaas ons ook onderstaande gedig.

*

foto van vrou by die see 1966

geprofileer in 'n diep leunstoel, bene gekruis,
afgetrokke en diep agteroor in 'n strandhuis
sit sy in die vliedsun emulsie op dun karton
in 'n wit bloes en broekpak by die venster in die lig
van die glansende see en geel wasige donsson
mymerend en byna deursigtig.
toe was sy nog veilig. hoe
veilig was sy toe
sy sit aandoenlik ingedagte en sereen
met die weerkaatsing in haar agteroor gesig
van die see sit sy in een hand 'n skuins glas
vingers aan die pols van die ander een
hang bo die teetafelkleed. die vingerpunte tas
effe aan die bokhaarmateriaal. sy kyk dromerig
na haar vingers. die sigbare
stilte swyg. die oureool in haar hare

gloei sag. gevoelige vingerpunte van haar hand
 hang tastend af aan haar geknakte pols hoog
 bo die skerp stut van haar elumboog.
 elders, ver, baie ver veraf elders doenig
 is die kanker met 'n ander iemand
 wat sit in die vliesdun emulsie op dun karton
 in 'n broekpak by die venster in die lig
 van die blink see en geel wasige donsson
 dromerig mymerend en byna deursigtig
 skimmig geskryf met lig

© TT Cloete (Uit: *Onversadig*, Tafelberg, 2011)

<http://versindaba.co.za/2015/07/29/in-memoriam-t-t-cloete-31-mei-1924-29-julie-2015/>

Brood vir die pad

Boekbespreking: Religieë in die Antieke Wêreld

Gerda de Villiers

2013, Michele Renee Salzman & Marvin A Sweeney (red),
The Cambridge History of Religions in the Ancient World. Vol I & II. Cambridge University Press: New York.

The Cambridge History of Religions in the Ancient World is 'n omvattende werk wat twee volumes beslaan. Elke volume, op sy beurt bestaan uit vier dele. Wat hierdie benadering tot religie interessant maak, is dat die vierdelige indelings in die volumes nie op grond van kronologie nie, maar na aanleiding van geografie gedoen word. Die uitgangspunt is eintlik logies: in die antieke wêreld was die mens se religieuse konsepte in die eerste plek bepaal uit die waarnemings van die omgewing rondom hom of haar – sy of haar geboorteplek. Fisiese plekke soos riviere, spruite, berge, bome, grotte word met goddelike magte en kragte geassosieer, en daaruit ontstaan volke se eiesoortige mites. Verstedeliking en die ontwikkeling van kultuur, bring 'n volgende dimensie aan religie: plaaslike politieke en sosiale strukture. Religie in die antieke wêreld het nie onafhanklik van die stedelike burokrasie van sy tyd funksioneer nie.

Maar, in die loop van die geskiedenis het gode en godinne as't ware saam met matrose, handelaars, soldate, priesters en selfs krygsgevangenes gereis. Die punt wat *The Cambridge History of Religions in the Ancient World* wil tuisbring, is dat religie nie 'n statiese verskynsel is nie, maar deurgaans in gesprek verkeer met ander tradisies waarmee hulle in aanraking kom, en daarom is dit onvermydelik dat godsdienste deur die loop van eeue heen transformeer. Alhoewel elke individuele outeur wat 'n bydrae in hierdie twee volumes gelewer het 'n eie unieke benadering gevolg het, het elkeen moeite gedoen om nie net inligting oor te dra nie, maar om die bepaalde religie binne die dinamiese wisselwerking van natuur, kultuur, politiek en geskiedenis uit te beeld.

Die vier geografiese gebiede wat gedek word is: Mesopotamië en die ou Nabye Ooste; Egipte en Noord-Afrika; Griekeland en Klein-Asië; die Middellandse See en

Wes-Europa. Volume I se titel is *From the Bronze Age to the Hellenistic Age*. Dit begin by die Bronstydperk en strek tot by die Hellenistiese era – min of meer net voor of net na die oornam van Alexander die Grote. Die Sumeriërs word eerste bekend gestel; in Mesopotamië was hulle die oudste religie waarvan daar artefakte sowel as tekstuele getuïenis binne 'n stedelike kultuur bestaan. Steeds binne dieselfde geografiese gebied, word bespreek: die religieë van die Assiriërs, Babiloniërs; Zoroastrianisme; religieë van antieke Israel en Juda, Sirië en Kanaän. Daarna kom Egipte en Noord-Afrika aan die beurt en die soort godsdienste wat in antieke Fenicië en Kartago beoefen is. Griekeland en Klein-Asië bespreek uiteraard die bekende religie van antieke Griekeland, maar ook die Minoaanse kultuur en godsdienste op die eiland Kreta, en die beskawing van Mycenae, wat nie altyd na waarde geag word nie. Die afdeling oor Wes-Europa is veral interessant. Hier word die tradisionele Romeinse godsdienste bespreek, maar aandag word ook gegee aan die minder bekende religieë van die Etruskers in Italië, sowel as die Kelte in Engeland en Wes-Europa. In hierdie volume is die fokus op die religieë wat nie soveel aandag in navorsing oor antieke godsdienste geniet nie, beslis 'n pluspunt.

Volume II volg dieselfde geografiese indeling as Volume I, en dit het die titel *From the Hellenistic Age to Late Antiquity*. Hierdie volume dek die tydperk oor die Hellenistiese tyd tot by die eerste eeue nC – maar voor die opkoms van Islam. In hierdie hoofstukke word dit duidelik hoedat daar met die loop van die geskiedenis en met kruis-kulturele kontak ook verskillende godsdienstige tradisies na vore tree. Die vertrekpunt is Mesopotamië en die tradisionele godsdienste in Iran en die Hellenistiese-Romeinse invloed in dié wêreld, maar spoedig blyk dit dat Judaïsme begin oorheers, en 'n hoogtepunt ná die verset in 70 nC bereik. Deel I van Volume II eindig met die Christendom in Sirië; voortaan is daar twee religieë wat in die antieke wêreld oorleef: Judaïsme en die Christendom.

Dit word duidelik wanneer daar na Egipte en Noord-Afrika gekyk word. Aanvanklik is daar die tradisionele Puniese en Romeinse religieë, maar in antieke Egipte sowel as in Romeinse Afrika, seëvier die Christendom uiteindelik. Ook in Griekeland en Klein-Asië moet ou tradisies plek vir Judaïsme en die Christendom maak, en in Wes-Europa, domineer die Christendom, behalwe vir 'n klein Joodse gemeenskap in Wes-Italië.

Albei volumes bevat kaarte, uitgebreide indekse, illustrasies en afdrukke wat help om die hedendaagse leser te oriënteer en die antieke wêreld vir hom of haar toeganklik te maak. *The Cambridge History of Religions in the Ancient World*, is 'n uitstekende naslaan – en verwysingsbron vir enigiemand wat 'n in-diepte studie van die antieke wêreld wil onderneem.

<http://teo.co.za/boekbespreking-religiee-in-die-antieke-wereld-gerda-de-villiers/>